**Hersieningsoefening (Hoofstuk 4)**
**Die vrae wat volg, is op hierdie leesstuk gebaseer.**

Hoe kies 'n mens 'n woordeboek? Hier is wenke wat jou daarmee sal help.

As dit vir jou maklik is om 'n woordeboek te gebruik, sal jy dit gereeld gebruik. 'n Goeie woordeboek pas by jou behoeftes, met 'n bietjie spasie vir groei. As daar 'n graad of ouderdom op die omslag verskyn, help dit baie.

'n Mens moet 'n woordeboek vinnig kan gebruik. Kyk na 'n inskrywing vir 'n moeilike woord, soos "knopneusgans". As jy die inskrywing maklik kry, is daardie woordeboek nommerpas vir jou.

Lees die betekenisverklaring(s) by die woorde wat jy opgesoek het. 'n Goeie woordeboek verduidelik selfs moeilike begrippe in eenvoudige taal.

Onthou: Woordeboeke met prente is nie net vir kleuters nie. Oorweeg gerus daardie woordeboek met sketse en foto's. 'n Geïllustreerde woordeboek vir ouer leerders sal nou net nie in kleur wees nie, maar dit behoort byskrifte te hê (om woordeskat uit te brei) en dit behoort veel meer detail te gee.

As daar enige ekstra inligting in die woordeboek is, soos 'n taalgids of 'n voorbeeld van verskillende

skryfstukke, kan dit nuttig wees. Sorg net dat dit by jou vlak pas.

Jy moet weet dat jy van graad 1 tot matriek nagenoeg vier woordeboeke sal moet koop. Jy kan dit net sowat drie jaar gebruik voordat jy dit moet inruil vir 'n meer gevorderde een.

Laastens: Is die drukwerk helder en duidelik? Het die omslag 'n gladde, blink gevoel wat dit teen taai hande sal beskerm? Vertrou jy die naam van uitgewer? Onthou: Die uitgewer, die drukwerk en die omslag is belangrik.

1. Skryf die volgende sinne oor in die **indirekte rede**.
1.1 Die seun vra: "Hoe kies 'n mens 'n woordeboek?" Begin so: Die seun wil weet ... (1)
1.2 Die onderwyser antwoord: "Jared, 'n woordeboek is nommerpas as jy die inskrywings maklik kry." Begin so: Die onderwyser antwoord vir Jared dat ... (2)
1.3 Ma roep uit: "Ag nee, hierdie woordeboek is dan skaars vier jaar oud." Begin so: Ma roep ... (2)

2. Skryf die volgende sinne oor in die **direkte rede**.
2.1 Meneer vra of almal die volgende dag hul woordeboeke sal saambring.(2)
2.2 Vuyo sê dat haar woordeboek weggeraak het. (2)
2.3 Jared sê simpatiek dat hy sy ou woordeboek vir Vuyo sal leen. (3)

3. 'n Goeie woordeboek verduidelik selfs moeilike begrippe in eenvoudige taal.
3.1 Gee die korrekte vorm van die **byvoeglike naamwoord** tussen hakies.
'n Woordeboek wat selfs moeilike begrippe in eenvoudige taal verduidelik, is (goeie). (1)
3.2 Vorm 'n **selfstandige naamwoord** van die woord tussen hakies.
'n Goeie woordeboek het 'n eenvoudiger (verduidelik) van moeilike begrippe. (1)
3.3 Gee die korrekte **trap van vergelyking** vir die woord tussen hakies.
'n Goeie woordeboek verduidelik selfs moeilike begrippe in die (eenvoudige) taal. (1)

4. *Sorg net dat dit by jou vlak pas.*
4.1 Maak 'n sin met **net** sodat dit 'n ander betekenis het as die betekenis in die sin hierbo. (1)
4.2 Skryf die sin hierbo oor en begin so: Jy behoort … (1)
4.3 Gee 'n voorbeeld van 'n voorsetsel uit die sin hierbo. Skryf slegs die woord neer. (1)

4.4 Kyk na die volgende woordeboekinskrywing uit Oxford se skoolwoordeboek.

**vlak** *naamwoord, byvoeglike naamwoord* naamwoord (**vlakke**) **1** level. ♦ Dit is belangrik om gereeld die vlak van jou motor se olie te toets. *It. is important to test the level of your car's oil regularly.* ♦ Na die reën het die damme se vlakke gestyg. *After the rain, the dam levels rose.* **2** standard. ♦ Die boek is gemik op jou vlak. *The book is aimed at your level.* byvoeglike naamwoord (**vlak, vlakker, die vlakste)**

4.4.1 Is **vlak** soos dit in die sin by (4) gebruik word, 'n selfstandige naamwoord of 'n byvoeglike naamwoord? (1)

4.4.2 Gee nou 'n sinoniem vir **vlak** soos dit in die sin by (4) gebruik word. (1)

5. Som die 6 dinge om in gedagte te hou wanneer jy 'n woordeboek koop, in 6 volsinne en in jou eie woorde op. Jy mag nie meer as 70 woorde gebruik nie. Skryf die getal woorde wat jy gebruik onderaan jou opsomming neer. (10)

TOTAAL: 30

Hierdie bladsye mag gekopieer word.

Hersieningsoefening (Hoofstuk 4)
Memorandum

**1. Skryf die volgende sinne oor in die indirekte rede.**

1.1 Die seun vra: "Hoe kies 'n mens 'n woordeboek?" Begin so: Die seun wil weet ... (1)
*Die seun wil weet hoe 'n mens 'n woordeboek kies.*

1.2 Die onderwyser antwoord: "Jared, 'n woordeboek is nommerpas as jy die inskrywings maklik kry." Begin so: Die onderwyser antwoord vir Jared dat ... (2)
*Die onderwyser antwoord vir Jared dat 'n woordeboek nommerpas is as hy die inskrywings maklik kry.*

1.3 Ma roep uit: "Ag nee, hierdie woordeboek is dan skaars vier jaar oud." Begin so: Ma roep
*Ma roep ontsteld/teleurgesteld uit dat hierdie/daardie woordeboek dan skaars vier jaar oud is.*

2. Skryf die volgende sinne oor in die **direkte rede**.

2.1 Meneer vra of almal die volgende dag hul woordeboeke sal saambring.(2)
*Meneer vra: "Sal julle almal môre jul(le) woordeboeke saambring?"*

2.2 Vuyo sê dat haar woordeboek weggeraak het. (2)
*Vuyo sê: My woordeboek het weggeraak."*

2.3 Jared sê simpatiek dat hy sy ou woordeboek vir Vuyo sal leen. (3)
*Jared sê: Foei tog,.ek sal my ou woordeboek vir jou leen."*

3.1 Gee die korrekte vorm van die **byvoeglike naamwoord** tussen hakies.
'n Woordeboek wat selfs moeilike begrippe in eenvoudige taal verduidelik, is (goeie). *goed* (1)

3.2 Vorm 'n **selfstandige naamwoord** van die woord tussen hakies.
'n Goeie woordeboek het 'n eenvoudiger (verduidelik) van moeilike begrippe. *verduideliking* (1)

3.3 Gee die korrekte **trap van vergelyking** vir die woord tussen hakies.
'n Goeie woordeboek verduidelik selfs moeilike begrippe in die (eenvoudige) taal. *eenvoudigste*

4.1 Maak 'n sin met **net** sodat dit 'n ander betekenis het as die betekenis in die sin hierbo. (1)
*Ek gooi die **net** oor die kos om vlieë uit te hou/Ek vang die vis in die **net**.*

4.2 Skryf die sin hierbo oor en begin so: Jy behoort … (1)
*Jy behoort te sorg dat dit by jou vlak pas.*

4.3 Gee 'n voorbeeld van 'n voorsetsel uit die sin hierbo. Skryf slegs die woord neer. (1)
*by*

4.4.1 Is **vlak** soos dit in die sin by (4) gebruik word, 'n selfstandige naamwoord of 'n byvoeglike naamwoord? (1)
*selfstandige naamwoord*

4.4.2 Gee nou 'n sinoniem vir **vlak** soos dit in die sin by (4) gebruik word. (1)
*standaard/peil*

5 *Kies 'n woordeboek volgens jou behoeftes en met ruimte vir groei.
*Koop 'n woordeboek wat jy maklik kan gebruik.
*Kies 'n woordeboek met eenvoudige taal.
*Koop 'n woordeboek met illustrasies.
*'n Woordeboek wat iets ekstra bied, is nuttig.
*Jy moet jou woordeboek ongeveer elke drie jaar vervang met een wat meer gevorderd is.
(70 woorde) (10)

Totaal: 30